RUVUMA ONDESTEUNINGSVENNOOTSKAP

INTERIM GRONDWET

1. Naam

1.1. Die organisasie se naam is RUVUMA ONDERSTEUNINGSVENNOOTSKAP

1.2. Die organisasie se verkorte naam is RUVUMA (waarna hierna verwys word as die organisasie).

2. Regspersoon

2.1. Die organisasie sal:

- in sy eie reg, afsonderlik van sy lede, bestaan.
- voortgaan om te bestaan selfs wanneer sy lidmaatskap verander en daar verskillende ampsdraers is.
- in staat wees om eiendom en ander besittings te besit.
- om in sy eie naam regsgedinge in te stel en eise wat teen hom ingestel mag word, te hanteer.

3. Doelstellings

3.1. Die organisasie se hoof doelstelling is om Ondersteuningspanne wat sendingwerkers in Noord-Oos Mosambiek koördineer en as 'n netwerk te ondersteun in hulle werksaamhede in beide Suid Afrika en in Mosambiek

3.2. Die organisasie se sekondêre doeleinde is om enige wettige handelinge of daad te verrig wat nodig of wenslik mag wees om die hoof doelstelling te bevorder of verwesenlik.

4. Eiendom

4.1. Die organisasie sal rekords in stand hou van alles wat dit besit.

4.2. Die organisasie mag nie enige van sy geld of eiendom aan 'n lid of ampsdraer gee nie, behalwe wanneer 'n lid of ampsdraer werk wat buite die bestek van sy/haar gewone orgenisasie verwante pligte val, vir die organisasie gedoen het. Sodanig betaling moet 'n redelike bedrag wees vir die werk wat gedoen is.

4.3. 'n Lid van die organisasie kan slegs geld van die organisasie terug kry vir uitgawes wat hy/sy vir of ten behoewe van die organisasie betaal het.

4.4. Lede of ampsdraers van die organisasie het geen regte oor enigiets wat aan die organisasie behoort nie

5. Lidmaatskap en Inkomste

5.1. As 'n persoon 'n lid van die organisasie wil word, moet hy of sy 'n skriftelike versoek tot die organisasie se Bestuurskomitee rig. Die Bestuurskomitee het die reg om die versoek te weier.

5.2. Inkomste kan in drie kategorieë bestaan;

- Ledegelde
- Algemene Donasies
- Spesifieke Donasies

6. Jaarlikse Algemene Vergaderings

6.1. Lede van die organisasie woon sy Jaarlikse Algemene Vergadering in Februarie van elke jaar by.

6.2. By die Jaarlikse Algemene Vergadering van lede oefen lede hulle reg uit om die beleid en fokus van die organisasie te bepaal en moet onder andere met die volgende sake by sy Jaarlikse Algemene Vergadering handel:

- Goedkeuring van die finansiele state vir die voorafgaande kalenderjaar
- Aanstelling van Rekenpligtige Beampte of Ouditeur
- Daar moet geleentheid wees om relevante sake op die agenda te plaas vir bespreking.
- Daar moet opgeteken word wie op die vergadering is en wie verskoning aangeteken het omdat hulle nie teenwoordig kan wees nie.
- Die Voorsitter se verslag
- Die Tesourier se verslag
- Veranderings in die Konstitusie
- Die notering van Lede Verteenwoordigers
- Die verkiesing van ampsdraers en nominasies vir Bestuurskomitee lede
- Die datums van lede vergaderings vir die jaar

7. Bestuur

7.1. 'n Bestuurskomitee sal die organisasie bestuur. Die Bestuurskomitee sal bestaan uit die verkose ampsdraers naamlik; Voorsitter, Onder-Voorsitter, Tesourier, Sekretaris en Algemene Projek Verteenwoordiger. Hulle kan verteenwoordigers koöpteer om met projekte by te staan.

7.2. Lede Verteenwoordigers sal bestaan uit verteenwoordigers van die onderskeie bedieninge van die Organisasie en betrokke in Noord-Oos Mosambiek.

7.3. Ampsdraers sal vir twee jaar dien, maar hulle mag staan vir herverkiesing vir 'n verdere ampstermyn daarna. Afhangende van watter soort dienste hulle aan die organisasie lewer, mag hulle herhaaldelik vir herverkiesing staan en dit is vir so lank hulle dienste benodig word en hulle bereid is om hulle dienste te lewer.

7.4. Die Lede Verteenwoordigers sal nie minder as twee keer per jaar vergader en dit in die vorm van 'n lede terugvoer vergadering.

7.5. Die Bestuurskomitee sal nie minder as drie keer per jaar vergader. Ten minste twee van die Ampsdraers moet by 'n Bestuurskomitee vergadering teenwoordig wees om besluite te neem wat toegelaat kan word om geïmplementeer te word. Hierdie getal lede vorm 'n kworum.

7.6. As 'n Ampsdraers drie agtereenvolgende vergaderings van die Bestuurskomitee nie bywoon nie sonder dat hy/sy vir afwesigheid aansoek gedoen en verlof vir afwesigheid verkry het, moet die Bestuurskomitee 'n nuwe lid in sodanige Ampsdraers se plek nomineer vanuit die Lede verteewnwoordigers.

7.7. Notules sal van elke vergadering geneem word om die besluite van die 'n komitee op rekord te stel. Die besluite van elke vergadering sal minstens een week voor die volgende vergadering aan die lede van die 'n komitee besorg word. Die notule sal by die volgende vergadering van die komitee bevestig word as 'n getroue weergawe van verrigtinge en sal daarna deur die Voorsitter geteken word.

7.8. Die Bestuurskomitee het die reg om subkomitees te vorm. Die aanbeveling(s) van 'n subkomitee, moet aan die Bestuurskomitee voorgelê word. Die Bestuurskomitee moet by sy volgende vergadering besluit of hulle met die subkomitee se aanbeveling(s)saamstem of nie. Die Bestuurskomitee se vergadering moet spoedig na die vergadering van die subkomitee plaasvind. Deur aanbeveling(s) van subkomitees te aanvaar, ratifiseer die Bestuurskomitee dit. Daar moet ten minste drie persone op 'n subkomitee wees.

7.9. Al die lede van die organisasie moet berus by die besluite van die Bestuurskomitee.

8. Magte van die Bestuurskomitee

8.1. Die Bestuurskomitee neem die mag en gesag op wat dit glo nodig is om die doelstellings wat in paragraaf 2 hierbo uitgespel is, te bereik. Sy aktiwiteite moet eties en binne die bepalings van die reg wees.

8.2. Die Bestuurskomitee het mag en gesag om fondse in te samel en om bydraes te vra en te ontvang.

8.3. Die Bestuurskomitee het mag en gesag om bankrekeninge oop te maak en daarmee te handel met 'n minimum van twee ampsdraes wat op die rekening mag teken gesamentlik of afsondelik.

8.4. Die Bestuurskomitee het die reg om ten einde die organisasie se doelstellings te bereik, enige eiendom te koop, te huur of te ruil.

8.5. Die Bestuurskomitee het die reg om by-wette te maak vir die behoorlike bestuur van die organisasie, insluitende die aansoek, goedkeuring en beëindiging van lidmaatskap, waar toepaslik.

9. Vergaderings en prosedures van die Bestuurskomitee

9.1. Die Bestuurskomitee moet minstens twee ledevergaderings in elke jaar reel plus 'n Jaarlikse Algemene vergadering Die voorsitter of twee amptenare van die Bestuurskomitee kan, as hulle wil, 'n spesiale vergadering byeenroep, maar hulle moet minstens 21 dae voordat die vergadering bedoel is om plaas te vind, die ander amptenare van die Bestuurskomitee laat weet wat die datum en plek van die spesiale vergadering is. Wanneer die aanstelling van 'n nuwe amptenaar van die Bestuurskomitee een van die sake is wat bespreek gaan word, moet diegene wat die vergadering byeenroep, die ander amptenare minstens 30 dae kennis gee.

9.2. Die voorsitter sal as voorsitter van die Bestuurskomitee optree. As die voorsitter 'n vergadering nie bywoon nie, sal die Onder-Voorsitter die rol inneem en indien laasgenoemde ook nie teenwoordig kan wees nie sal die teenwoordige amptenare van die Bestuurskomitee, kies wie van hulle by daardie vergadering as voorsitter sal optree. Dit moet gedoen word voordat die vergadering begin.

9.3. Daar moet by elke vergadering 'n kworum van lede teenwoordig wees. Verwys na 7,5.

9.4. Sover moontlik sal besluite op konsensusbasis geneem word. Wanneer nodig, sal die Bestuurskomitee oor sake wat voor hulle dien, stem. Wanneer die stemming oor 'n saak gelykop is, sal die voorsitter 'n tweede of beslissende stem hê.

9.5. Notules van alle vergaderings sal veilig bewaar word en te alle tye byderhand wees vir lede om te raadpleeg.

10. Finansies

10.1. 'n Rekenpligtige Beampte of Ouditeur sal by die Algemene Jaarvergadering aangestel word. Sy of haar plig sal wees om 'n oorsig te doen van die finansies van die organisasie. Hy/sy kan ook op die Bestuurskomitee dien, maar kan nie die Tesourier wees nie.

10.2. Die Tesourier se taak is om die van dag tot dag finansies van die organisasie te kontroleer. Die Tesourier sal reël vir alle fondse om in 'n bankrekening in die naam van die organisasie geplaas te word. Die Tesourier moet ook behoorlike rekords van al die finansies hou.

10.3. Wanneer ook al fondse uit die bankrekening geneem word, moet enige een van twee lede van die Ampsdraers die onttrekking magtig.

10.4. Die finansiële jaar van die organisasie eindig op 31 Desember van elke jaar.

10.5. As die organisasie fondse het wat belê kan word, mag die fondse slegs by doelgerigte instellings wat by die Raand of Finansiele Dienste geregistreerde is belê word. Die organisasie kan na verskillende banke gaan vir advies oor die beste manier om na die fondse om te sien.

11. Veranderings aan die Konstitusie

11.1. Die Konstitusie kan na 'n besluit op deur die Bestuurskomitee voorgelê word vir verander. Daar moet oor die besluit ooreengekom word en dit moet aanvaar word deur nie minder nie as twee derde van die lede wat aanwesig is by die Jaarlikse Algemene Vergadering of Spesiale vergadering. Op so 'n vergadering moet lede stem om die Konstitusie te verander.

11.2. Twee derde van die lede moet teenwoordig wees by 'n vergadering (die kworum) voordat 'n besluit om die konstitusie te wysig, geneem kan word. Enige Jaarlikse Algemene Vergadering of Spesiale vergadering mag oor so 'n mosie stem as die besonderhede van die beoogde verandering uiteengesit is in die kennisgewing waarna in paragraaf 11.3 verwys word.

11.3. 'n Skriftelike kennisgewing moet uitgaan nie minder nie as veertien (14) dae voor die vergadering waarop die verandering van die Konstitusie voorgestel gaan word. Die kennisgewing moet die voorgestelde veranderings aandui wat op die vergadering bespreek gaan word.

11.4. Geen veranderings mag gemaak word wat die effek sal hê dat die organisasie sal ophou om te bestaan nie.

12. Ontbinding/Likwidasie

12.1. Die organisasie mag sluit as op 'n Jaarlikse Algemene Vergadering of Spesiale vergadering wat belê is vir die doel om so 'n saak te oorweeg, ten minste twee derdes van die lede wat teenwoordig is en stem, ten gunste van sodanige sluiting is.

12.2. Wanneer die organisasie sluit, moet al sy skulde betaal word. As daar, nadat dit gedoen is, eiendom of geld oorbly, moet dit nie betaal word of gegee word aan die lede of amptenare van die organisasie nie. Dit moet op 'n sekere manier gegee word aan 'n ander nie-winsgewende organisasie met dieselfde doelstellings. Die organisasie se Bestuurskomitee kan besluit watter organisasie dit behoort te wees.

13. Geodkeuring van die Konstitusie

13.1. Hierdie Interim Grondwet is goedgekeur en aanvaar deur die Ampsdraers kworum op 1 Junie 2017 en moet op die Algemene Jaarvergadering wat gehou word in Februarie 2018 bekragtig word.

Geteken te Stellenbosch op 1 Junie 2017

....

Voorsitter Tesourier